

TYGERBERG STUDENTE

Reik uit na MSINGA

Vir meer as 40 jaar al reik 'n onafhanklike groep Bolandse studente jaarliks uit na Msinga naby Ladysmith in KwaZulu-Natal.

 *Msinga, Ladysmith, Kwa-Zulu-Natal*






DOEL VAN ONS UITREIK

- Ons wil met ons Christen-medegelowiges in Msinga gaan **hande vat**, veral ten opsigte van inisiatiewe wat reeds deur hulle daar plaaslik geneem is.
- Een van hul grootste uitdagings is die gemeentes wat al hoe kleiner raak en toenemend jong, opkomende **kerkleiers**, veral **mans**, nodig het.
- Die bediening onder die jeug probeer 'n nuwe generasie gelowiges op te bou deur middel van **dissipelskapopleiding**.
- Ons fokus op **verhoudingsbou** wat op die lang termyn gehandhaaf kan word.



6 FOKUS-AREAS





'n JEUGbedieningspan bied programme aan wat dissipelskap en verhoudingsbou bevorder soos byvoorbeeld die Dignity-program (vir meisies) en Dare-program (vir seuns).





'n VROUbedieningspan wat fokus op oumas wat dikwels huishoudings moet oorneem by werkende ouers, of ouerlose kinders.







'n KINDERbedieningspan bied deur middel van sport en
speletjies geestelike lesse aan die kinders.




'n EVANGELISASIEspan gaan evangeliseer tydens
besoeke aan die hospitaal, Hospice, gevangenis en
selfs mense wat hulle in die strate teëkom.





**MEDIESE DIENSTE- EN
INLICHTINGspan fokus veral
op mediese opvoeding ten
opsigte van die voorkoming
van siektes.**

'n BOUspan wat dakke regmaak, verfwerk doen en fokus op algemene herstelwerk van kerkgeboue.



KONTAK

Kyle Adams

Leier van die uitreikspan



071 384 8990



kyle.adams0306@gmail.com

